Publication: Die Burger (Kaap Stedelik)
Date: 12 Apr 2017
Page: 15

# Golgota help ons om te kan sê: 'Sorrie'

**Godsdiens Aktueel**

Nico Koopman



Goeie Vrydag word oormôre gevier. Dié Vrydag van 'n kruis, lyding, 'n gebreekte liggaam, godverlatenheid en hel word doelbewus "goed" genoem.

Dit is immers dié gebeure wat die weg baan vir vergifnis, skuldbelydenis, berou, reparasie, restitusie, helende geregtigheid, menswaardigheid, versoening en blywende vrede.

Die kruis vertel van God se vergewende gasvryheid teenoor feilbare, sondige mense. Hierdie ruimte van vergewende Golgota-gasvryheid skenk aan ons die vrymoedigheid en moedigheid om ons skuld te bely, om vir mekaar te sê: "Sorrie." En ons het soveel rede om sorrie te sê.

Die Amerikaanse teoloog Helmut Richard Niebuhr skryf in sy *Responsible Self* ons is nie altyd bewus van wat ons aan mekaar doen nie.

Dis tragies dat ons mekaar ook seermaak juis wanneer ons bedoelinge, woorde, besluite, beleide, dade, praktyke en openbare gesprekke edel en goed bedoeld is.

> **Die kruis vertel van God se vergewende gasvryheid teenoor feilbare, sondige mense.**

Ons bedoelinge kan suiwer wees, maar dan sukkel ons om die regte woorde te vind dit oor te dra. Die styl en manier waarop ons 'n saak formuleer, kan ook ons goeie bedoelinge verloën.

Die tydstip en konteks waarbinne ons 'n saak stel, kan dit eweneens versluier. Die oormatige drif en passie waarmee 'n saak gestel word, pleeg ook verraad teen goeie bedoelinge.

En dikwels is die forum waarop ons 'n saak stel, teenstrydig met ons goeie bedoelinge. Paulus redeneer juis in 1 Korintiërs 13:7 dat liefde beteken ons bedek alles. Met daardie "bedek" bedoel hy nie dat ons die verkeerde toesmeer nie.

Hy bedoel dat ons nie mekaar se vermeende vuil wasgoed in die openbaar was nie, maar dat ons liefdevol en eerbiedig, in die skadu en koelte van die veranda, mekaar vermaan en konfronteer. Onder die veranda verneder, stigmatiseer en demoniseer ons nie mekaar nie.

Soms moet ons sake so openlik moontlik bespreek. Die risiko is daar dat ons in die naam van robuuste debat dinge kan verongeluk. In die koelte van die veranda kan ons probleme beter verstaan en straks beter oplossings vind.

In Suid-Afrika met sy brose demokrasie het ons saamstappende verbondenheid, wat deur Golgota se vergewende gasvryheid geskep word, so baie nodig.

Ons knou dikwels hierdie verbondenheid deur ons gebrekkige kommunikasie en geneigdheid tot misverstand, deur ons onbewuste en onderbewuste, emosies van skuld, minderwaardigheid en meerderwaardigheid, deur ons vrese en angste, vooroordele en intuïsie.

Ons belemmer ons verbondenheid, onder meer omdat ons mekaar nie veranda toe nooi nie. In hierdie Heilige Week sê ons moedig vir mekaar: "Opreg sorrie."

■ **Koopman is 'n teoloog en viserektor aan die Universiteit Stellenbosch.**

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission